



## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

Hoofredakteur P. J. W. Louw. Tegnieise Adviseur: P. H. S. Pieterse.

Subredakteure: D. F. Erasmus, J. A. Venter, H. de Klerk, Mejj. M. Calitz en M. Kruger.

Administrasie: C. Malan (waarnemende voors.), F. Bothma, P. Viljoen, F. du Randt.

Deel V.

No. 5.

2 JUNIE 1950.

3/- per jaar.

# IN ONS STUDENTELEWE HEERS DAAR STILTE

In die studentelewe heers daar stilte. Daar word nie geskreeu en geras nie. Trompette word nie geblaas, en vaandels nie gestryk nie. Geen massa magsvertonings word gehou nie. Slagspreuke word nie uitgeroep nie! Dit is stil. 'n Stilte waarteen sommige studente so hard skree, omdat die inhoud van hierdie stilte nie gepeil kan word nie. Onthou net dit: Die geskreeu wat sommige van u uit volle bors aanhef versteur hierdie diep stilte. Ons weet dat hoe harder u skreeu hoe banger word u vir die stilte. Dit is die hol en hees wanklank van u eie geskreeu wat u bang maak en nie die stilte nie.

Terwille van u wat vreesbevange is oor die sgn. stilte, word hierdie ruimte in „Die Wapad” afgestaan. Ons wil u ook tot die stilte beweeg, want dan eers is u op die huidige oomblik in ons studentelewe van enige waarde.

Hierdie stilte, is 'n stilte wat in hom die kiem van die daad dra. Die stilte in die studentelewe bewee van innerlike aktiwiteit. Die bedrywighede van die studentelewe is besig om na 'n hoogtepunt toe op te loop.

Korps V.V. is in die stilte besig om voort te gaan met sy werksaamhede!

Die A.S.B. het op 24ste Mei 'n baie geslaagde uitstappie gereël en is op die oomblik hard besig met organiseer i/s die Konsentrasiekampkerkhof se skoffel wat die 31ste Mei sal plaasvind. Die Studiekomitee van die A.S.B. het gesorg vir drie artikels in dié A.S.B. se uniale blad wat eersdaags sal verskyn. Intussen is twee

groepe studente hard besig met die uitwerk van twee referate wat gedurende die kongres gelewer sal word.

**Die Kongres:** Die organisasiesam-sjien is aan die werk om sorg te dra vir al die reëlings wat vir die kongres getref moet word. Verder is daar 'n komitee van die A.S.B. werksaam gewees met invordering van van advertensies vir die A.S.B.-Blad. Die Studiekomitee van die A.S.B. het 'n reeks planne wat in vooruitsig gestel word. Minstens ses persone is besig om die uitvoerbaarheid van sulke planne te ondersoek.—So lyk die A.S.B.!

Die A.B.K.K. is besig om voorbereidings te tref vir 'n konsert wat op 16 Junie in die Stadsaal gehou sal word. 'n Groot organisasie wat 'n groot aantal studente betrek wat feitlik voltyds daarmee besig is. Gaan kyk hoe word

in die stilte geoeven . . . . Feitlik elke aand is studente besig met toneelloefening. Die streekfeeste van F.A.T.S.A. vind oor 'n paar weke plaas. Die plaaslike Toneelvereniging is besig om 3 eenbedrywe vir dié doel in te studeer. Die Toneelvereniging gaan ook toer! Weet u dat dit nogal baie krag vereis om 'n toer te organiseer. Die toneelstuk moet geoeven word plus etlike sake wat die aandag van die organiseerders vereis.

**Die Alabama.**—Hulle oefen gereeld. Harde tydrawende, inspannende oefeninge. Hulle gaan 'n toer na Oostelike Provinsie onderneem. „Dit is die stilte by die A.B.K.K.

**Wat van die S.S.B.?** Dink u dat die wedstryde wat weekliks plaasvind so maar net plaasvind? Alles gaan gepaard met oefening. Die S.S.B. is besig om na sy klimaks op te werk—Die Intervarsities teen U.P. op 24 Junie. Gedurende die Julie-vakansie gaan twee Hokkie-toernooie te Durban plaasvind. Onthou dat dit alles vooraf organisering vereis.

Daar is nog die Vreugdedag, „Die Wapad,” „Die Pukkies,” „Die Besembos”. Alleen u wat hierby betrokke is, kan besef hoe baie werk hieraan verbonde is.

Moet ek die stilte verder ontleed? Weet u dat daar 'n groot aantal studente besig is om 'n Sentrale Wetenskapsvereniging te stig? Besef u

(Vervolg op Bls. 3, Kol. 2).

Helder u Klerekas op  
met ons vlugtige

**Droogskoonmaak Diens!**

Tweemaal per week na Johannesburg.

U kan u klere by ons sub-agent  
by u koshuise inhandig.

**BOTHA GOOSEN,  
POTCHEFSTROOM EN  
VENTERSDORP**

DIE NUUTSTE ONTWERPE.  
MODE SE HOOGSTE PUNT.

**ENKEL-LISSIE  
DAMESSKOENE**  
vanaf 29/6

**EDWORKS (1936)**

**BEPERK**

**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

**BLACK'S**



**DAMES EN MANS**



**UITRUSTERS**

\*\*\*

Posbus 197.

Foon 179.

**KING EDWARDSTRAAT,  
POTCHEFSTROOM.**

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER

**J.P.V.D. WALT. L.F.V**

**Apteker**

**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)  
Foon 929,  
POTCHEFSTROOM.**

\*\*\*

Ek voorsien alles wat van 'n Aptek  
verlang word.

# Die Wapad.

2 Junie 1950.

## **PATRIOTISME, ONS NASIONALE VOLKSLIED EN ALMA-MATER**

Dikwels word dit die Afrikaner teen die hoof geslinger dat hy aan 'n minderwaardigheidskompleks ly en slegs 'n primitiewe soort patriotisme besit waardeur hy in staat gestel word om homself te verhef en ander lande se prestasies en helde te kleinere.

Alle kritiek, hoe absurd dit ook mag lyk, moet altyd kennis geneem van word en tot nadenke en selfondersoek steun. Dat hierdie bewering hoegenaamd nie kan opgaan nie en beslis nie gelewer kan word deur 'n persoon wat die Afrikaner in sy wese ken nie—is nie aan te twyfel nie.

Nogtans blyk by nadere selfondersoek dat ons moet waak dat daardie bewerings nie werklikheid word nie—want tekens van 'n moontlike ontwikkeling in hierdie rigting kom in ons volks- en in ons studentelewe reeds tot openbaring. Eers moet 'n mens leer om jou eie dinge te waardeer, om selfrespek te hê en respekte aan dit wat eie aan jou volk is, te betoon.

Dink maar aan ons Nasionale Volkslied en Alma-Mater wat die kristalliseering is van al ons ideale en beskouings, ons verlede, hede en toekoms. As ons belydenis doen van ons diepste innerlike gevoelens, kan 'n eerbiedige houding die minste wees om daarmee gepaard te gaan. Onder ons volksgenote en selfs mede-studente kry ons die toestand dat nog die Volkslied nog die Alma-Mater in hierdie lig besien word, 'n Verwaande hand-in-die-broeksak-houding is iets wat allermins op so 'n plegtige moment van pas is.

Laat ons as Afrikaners toon dat ons waarde heg aan ons volkseienendom-melike, dat ons selfrespek besit en respek kan betoon aan dit wat ons eie is.

## **SWAK SPORTMANGEES?**

Die eerste keer wat Theos. hierdie jaar 'n neerlaag ly, het diegene wat al lank op P.U.K. is geensins sleg gestem nie want hier heers vandat ons inrigting tot stand gekom het 'n gesonde sportmangees. Ons staan ons eerstespan deur dik en dun by. As hulle wen juig ons en as hulle verloor, treur ons nie maar staan by hulle omdat die spelers hulle bes gedoen het en hulle soos manne op die veld gedra het.

Heel waarskynlik is ons nuwelinge en sommige van ons ouer studente nog nie bewus van hierdie feite nie—daarom het hulle verlede Saterdag omtrent 'n kwartier voor die spel geëindig het, begin wegstap. As julle volmondige P.U.Kaners wil word, moet julle aansluit by ons gees en tradisie wat die kern van ons aangename omgang en verkeer met mekaar en met ander inrigtings was en nog is.

Dit is met leedwese dat die Redaksie namens die studente en Studenteraad ons innige simpatie aan Mej. Ria Pelsers met die afseterwe van haar vader wil betuig. Ons innigste wens is dat sy en haar familielede sterkte en troos in hierdie donkere beproewings tyd by die Genadige God en

Vader mag vind. Mag u berusting in Gods wil vind en saam met die Psalm-digter sing:

Voorwaar my siel is in my stil  
weer een met God se heil'ge wil.  
Net soos 'n kind, tevrede by  
sy moeder, is my siel in my.

## Oordenking.

**Prediker 11: 9.**—„Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë, maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die oordeel sal bring.”

God se Woord hou ook rekening met die jeug.

Die „jeugpreek” vind ons veral in die boek „Prediker.”

Die Prediker wat die jeug ken begin nie om die lewenserns aan die jongmense voor te hou nie, nee, die eerste wat hy aanraak is die lewensvreugde:

„Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid.”

Jeug en vreug hoort bymekaar volgens die bestel van God. Maar nie alle vreugde is goed nie. Die blydschap moet uit die hart opkom. „Laat jou hart jou vrolik maak,” sê die Prediker.

Die hart is die lewenssentrum, en hieruit is die uitgange van die lewe; uit hierdie sentrum moet die vreugde en idealisme van die jeug opwel.

Die blydschap mag nie 'n vrolikheid wees wat buite die hart omgaan nie. Dit mag nie bestaan in ligsinnige gelag of 'n geestelose geskerts nie; nie in 'n ydel pret nie, maar dit moet die verblyding van die hart wees. Elke vrolikheid, elke lag, moet getuig wat in die hart omgaan.

As die Prediker dan verder sê: „En wandel in die weë van jou hart,” dan bedoel hy gladnie: Leef maar los soos jou bouse hart dit goed dink nie, maar hy roep die jongeling toe: U hart is jonk, en die weë van u hart, d.w.s. u lewensweë, is daarom ook jonk: wandel dus in geen pad wat met u jeug in stryd is nie; gee u nie aan vroegrypheid oor wat by u jare nie pas nie; hou u ver van eie wysheid wat u lewenslente vloek; wees vreemd aan al die onnatuurlike en ongewone dinge wat u jong lewe misvorm, maar laat u hart en u wandel die kenmerk dra van ware lewensvreugde.

Dieselfde ook met: „wandel... in die aanskouing van jou oë.” Hier gee die Prediker nie aan die begeerlikheid en verkeerde lus van die oë vryspel nie, maar hy roep die jongeling toe: Let op wat God u in die lewe te sien gee; maak u oë wyd oop vir die heer-

likheid wat Hy in hierdie wêreld openbaar.

Ook voeg hy by hierdie opwekking tot blydschap 'n vermaning: „Maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die oordeel sal bring. U moet dus voor Hom rekenskap doen van al u lag, u lus en u lied. Waak dan tog jong mens dat u, ook as studente, u vreugde heilig hou, waak tog dat u die regte ewewig bewaar sodat u nie in die oordeel, ook in hierdie opsig, skuldig staan voor God nie.

Laat u harte vervul wees met Christus want in Hom alleen is die ware lewensvreugde. Hy het sy lewe aan die kruis gegee, om die ydele wêreldvreugde uit ons harte te weer, en Self daarin te woon.

In die oordeel sal hierdie wêreldvreugde en wêreldgenieting verander in droefheid en klaglike geweën, maar wie met Christus besiel is en hulle lewe in Hom verbly—hulle blydschap sal volkome word.

P. G. W. du P.

(Vervolg van Bls. 1, Kol. 3).

watter geweldige werksaamhede op die S.R. se skouers rus?

„En, om alles te kroon? Al hierdie dinge word in ons spaartyd gedoen. Immers, ons is studente en die Junietotse lê voor die deur!

So lyk die stilte. Wat ek u voorgelê het is geensins 'n volledige beeld van die studentelewe nie. Daar is nog so baie ander werk wat voortgaan!

Nee, dames en here studente, laat ons ophou om negatiewe kritiek na willekeur rond te strooi. Ons studentelewe is baie aktief. Daar word gewerk, nie net deur besture nie, maar deur elke individuele student wat sy of haar gewig wil ingooi.

Ongelukkig moet erken word dat baie nie hulle gewig wil ingooi nie. Dit is nie die studentelewe of studentegees se skuld nie, maar u eie skuld. Daar is te verbeter op baie terreine. Begin by u self en dan sal alles regkom. Die geleentheid is daar—U moet net inval!

U wat soos klein hondjies sit en blaf teen die sogenaamde stilte—hou op met u geblaf en werp u self in die stilte in. Die stilte wat gelaai is met harde en opofferende werk.

Tussen die groot dinge in die lewe wat ons wil doen en die klein dingetjies wat ons nie wil doen nie, lê die gevaar dat ons niks sal doen nie.

WILLEM DE KLERK.

## F. ZEILER

Potgieterstraat 40.

Foon 344.

Potchefstroom

vir al u benodigdhede i.v.m. die Skoonmaak van u woning.

VERF,

GLAS,

PLAKPAPIER,  
ens.

BESOEK

## LAURETAS

vir

ALLE BREIWERK

en die nuutste modes in

KOSTUUMS.

Kerkstraat 45,  
POTCHEFSTROOM.

## Studente!

As u gaan Fliék, of in die dorp kom

BESOEK

## ASTRA MILK BAR

(LANGS DIE GRAND).

DIE KAFEE WAT DIE STUDENT SE DORS LES.

## EXCELSIOR MEUBELS

Beperk.

Ons lewer die beste gehalte  
MEUBELS  
teen die laagste pryse.

Besoek Ons en ons verseker U van ons beste dienste.

VERTOON LOKAAL:

Foon 743.

Kerkstraat 132,

ELKE DAG VARS

# TURKSTRA SE BAKKERY



BROOD EN  
ALLE KOEKSOORTE.



RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

SPRINGBOK  
SKOENREPARASIE

ONS LEWER DIENS MET SPOED  
GEKOMBINEER.

Kerkstraat 51.

Foon 1075.

POTCHEFSTROOM.

DU TOIT & ELOFF  
(Edms.) Bpk.

J. M. BRINK,  
Alleen Bestuurder.

MANS KLERASIE EN

KRUIDENIERSWINKEL.

Spesiale Afslag aan Studente.

KOM SIEN ONS  
vir u

FOTOGRAFIESE-  
en  
APTEKERSBENODIGDHEDE.

GEEN EN VELLEMAN,  
King Edwardstraat 124,  
POTCHEFSTROOM.

~:

## KORRESPONDENSIE

~:

Geagte Redakteur,

„Die rede waarom die Vreugde-  
dag Hoofbestuur besluit het om vir  
genoemde fondse te kollekteer is die  
volgende:

Ons wou in die eerste plek probeer  
om P.U.K. NOG MEER aan die buite-  
wêreld bekend te stel. In die ver-  
lede het ons, as ons kollekteer, slegs  
vir P.U.K. gekollekteer; dit was dus  
'n suiwer interne saak. As ons dan  
P.U.K. wil bekend stel waarom nie vir  
'n' saak kollekteer wat die belange van  
die algemene publiek op die hart dra  
nie? Waarom dan nie een of ander  
saak, in die geval tydskrifte, help nie?  
Waar kan ons beter publisiteit verkry  
as wat ons in die geval wil probeer  
doen? Praat die mense ooit van  
P.U.K. se Vreugdedag? . . . sekerlik  
nie want hulle weet nie daarvan nie.  
Hulle praat wel van die ander Univer-  
siteite sin maar waarom? omdat hul  
daarvan lees. Ons wil nie die bepaal-  
de tydskrif ondersteun nie maar wel  
die saak wat deur die tydskrif onder-  
steun word.

In die verlede het ons by die inwo-  
ners van Potchefstroom, wat al ont-  
settend veel vir ons gedoen het en dit  
nog sal doen, gekerm om geld vir ons  
self. Hierdie jaar gaan ons weer kol-  
lekteer, en weer kerm ook, maar nie  
vir ons self nie, maar vir ons eie  
dorp. Ek dink regtig die Oue Tehuis  
is iets om op trots te voel, en waarom  
sal ons nie, terwyl ons die geleentheid  
daarvoor het, daarvoor kollekteer nie?

So ver ek my kan herinner is daar  
nie een van die ander Universiteite  
wat net vir hulle self kollekteer nie,  
ons wil nie navolg nie, maar ons het  
reeds verlede jaar al ons kragte inge-  
span om vir ons Biblioteek te kolle-  
kteer, en waarom nou weer vir 'n in-  
terne saak? Ek dink persoonlik dat  
afwisseling goed is, en daarom gaan  
ons hierdie jaar vir genoemde fondse  
kollekteer; let wel dit is die Kersfees-  
fonds van „Die Transvaler” en nie die  
Strandfonds nie. Daar word wel oor  
die lengte en breedte van ons land  
vir die fondse gekollekteer maar wat  
doen ons in die verband? Dit is waar  
„charity begins at home” maar ons het  
verlede jaar daarmee begin en ek dink  
ons het so goed daarin geslaag dat  
ons wel hierdie jaar verder kan staar.

Ons respekteer heeltemal die gevoe-  
lens van die „Student” en ons beskou

dit as 'n baie goeie wenk, maar aan-  
gesien ons groot doel hierdie jaar pro-  
paganda is, hoop ons hy sal ons ver-  
skoon.

P. J. VENTER,  
(Voors. Vreugdedag Hoofbestuur).

\* \* \* \*

Piet Grobler Huis,  
P.U.K. vir C.H.O.,  
Potchefstroom,  
10 Mei, 1950.

Die Redaksie,  
„Die Wapad”,  
P.U.K. vir C.H.O.,  
Potchefstroom.

Geagte Redaksie,

Dit was, en is nog, met leedwese dat  
ek, na die goeie inhoud van „Die  
Wapad” van 5 April 'n artikel onder in  
kolom drie, bladsy 11 gemerk het wat,  
nie werd is om in 'n blad van só 'n  
hoë gehalte te verskyn nie.

Een ding is daar wat ek nie kan  
verstaan nie; twee wat my verstand  
te bowe gaan. Ten eerste, dat daar  
op P.U.K. vir C.H.O. 'n mense-wese  
kan beweeg met só 'n skamele begripsvermoë, om 'n artikel van só 'n  
lae gehalte en moraliteit in te stuur  
vir plasing.

Ten tweede, geagte redaksie, en dit  
is met alle respék, dat die waaksaam-  
heid van die redaksie teen sódanige  
dinge tot só 'n mate kan verslap om  
nie 'n prinsipiële foutering in die  
plasing van so 'n artikel te sien nie of,  
as die waaksaamheid nie verswak het  
nie, dan dat hulle so stoutmoedig kan  
wees om toe te laat, (en dit is om deel  
te hê daaraan), dat só 'n laakbare ar-  
tikel geplaas word.

Behalwe die feit dat daar só reg-  
streeks geskerts word in die artikel is  
dit wel betreurenswaardig dat, „Die  
Wapad,” soos dit my nou lyk, tot só'n  
banaliteit daal om artikels van daar-  
die standaard te plaas. Dit is ook 'n  
sterk impuls tot die onwenslike kwy-  
ning van die studentelewe.

Nee menere, laat ons kuis en ingetoe  
bly en wandel soos in die dag, nie  
sonder om te week teen sulke dinge

(Vervolg op Bls. 11, Kol. 1).

## NUWE LIEDJIES OP OU DEUNTJIES.

Die Wapad kronkel oor die verre rande.—Pierrie Louw.

I wonder who's kissing her now.—Wouter Bothma.

Ek dink nog aan die dae, nou reeds lank verby.—André König.

Hoe sag gly ons bootjie.—Fanie Bezuidenhout.

As storm winde kom, en die skuitjie val om.—Tos Liebenberg

Donker bruin fonk'lend haar laggende oë,

Vrolike onskuld haar grootste genoeë.—Flip Snyman.

My Sarie Marais is so ver van my hart.—Bouke, Fires en Jan Viljoen.

La donna mobile.—Jan Visser.

My ryperd, my brakkie en ek.—C. P. Venter.

Die studente jare gaan verby.—Donkie.

Ek wonder wat my hinder.—Piet Viljoen.

Op my ou Ramkiekie met nog net een snaar.—Rooi Koos.

Hy kom nou net van die kollege.—Gertjie Fourie.

Daar's 'n nasie te lei, daar's 'n stryd te stry.—Fanie Bothma.

## 'N UITTREKSEL

van die Notule van 'n Kos-huisvergadering van Thabajäh.

1. Voorsitter heet koshuisgangers welkom.
2. Student Spoelstra stel 'n mosie van dank aan die Juffrou voor „vir die lekker koffie wat ons verlede kwartaal gekry het.”
3. Student Grobbies is volgende aan die woord: „Meneer die Voorsitter, hier op die P.U.K. word amptelik en nie-amptelik oefeninge gedoen. As ons klaar het, moet ons 'n reinigingsproses ondergaan en daar is nie warm water nie.” Daar is toe bepaal dat die mans nie voor 5 uur mag bad nie.

4. Flappie Human kla vervolgens oor die rook wat by sy kamer inborrel as gevolg van 'n stukkende skoorsteen. Dit stel glo sy pyp se rook skoon in die skadu.

5. Weereens is Grobbies op die been. Hy kla nou oor die onnodige verspilling van sy speursin. Hy moet dit (sy speursin) alles inspan om die stukkie botter in die bakkie saans op te merk.

6. Pelzer maak nou applikasie vir 'n kassie voor die spieël in hut E. Hasie en Piet van Wyk kan glo nie mooi bykom om hulle hare te kam nie.

7. Grobbies is weer aan die woord. Sy grief is hierdie keer teen die kwantiteit kos. „Die stukkie vleis wat 'n mens met die vurk van die bord na die mond gebring kan word.

8. In die loop van die verrigtinge is opgemerk dat die ou heer Donkie Pienaar die vergadering baie geniet het. Hy was ongelukkig 'n bietjie te beskeie om te vra dat daar so af en toe vir hom lusern verskaf word met ontbyt).

9. Toe niemand meer iets wou sê nie, is daar aan Grobbies nog 'n kans gegee. Hy maak objeksie dat party kereels so lank oor die foon gesels. Teen die tyd dat jy kans kry, „is daar lankal 'n ander donkie op jou skropplek.” (Hier het die ou heer Pienaar die situasie veral geniet).

10. Na nog 'n paar konfidensiële sakies bespreek is, het die voorsitter die vergadering verdaag.

(Vervolg van Bls. 7, Kol. 2).

### Antwoorde:

1. Elkeen vra een pennie vir elke groep van sewe appels, en 'n trippens vir elke orige appel. Nadat alles verkoop is, het elke Skot tien pennies in sy besit.

II. 3.

III. 8.

IV. Die man tussen die 1e en 2e perd is die 2e man! Nie die elfde nie.

V. Hulle leen een kameel en verdeel dan die kamele soos bepaal. Na die verdeling bly daar een kameel oor, en gee hom dan terug.

## INGRAM SE BOTTELSTOOR

### INGEVOERDE

en



### KOLONIALE

### WYNSOORTE



en

### SPIRITUALIEË.

Bespaar Tyd, Kragte en Skoene deur 'n



aan te skaf.

### C. VAN DER MERWE,

FIETSHANDELAAR.

Kerkstraat 92, Potchefstroom.

### PLAZA - KAFEE

(Onder persoonlike toesig van Mnr. en Mevr. Ferreira).

\*\*\*

Vir—

GOEIE EN NETJIESE DIENS,

Probeer die

PLAZA,

Die Sportman se Kafee.

Foon 249.

Kerkstraat 109.

## Studie in ander lande.

# DIE V.S.A.

Die V.S.A. is algemeen bekend as die land, waar alles groter is as elders—geweldige stede met bevolkings wat miljoene tel, magtige geboue wat die hele bevolking van 'n gemiddelde Afrikaanse dorp kan bevat, reusagtige besproeiings—en ander skemas. Ook die Amerikaanse onderwysinrigtings staan nie agter nie. Hoërskole met 'n leerlingtal van 6,000 is geen uitsondering nie. En vir 'n Suid-Afrikaanse student, wat 'n universitêre inrigting met ongeveer 3,000 studente as ons grootste ken, is dit 'n hele ervaring om student te wees aan 'n inrigting met 'n studentetal van 40,000 en om tydens 'n promosieplegtigheid saam met 9996 graderendes 'n graad te ontvang.

Onwillekeurig kom die gedagte by 'n mens op dat dit ook maar 'n geval is van massaproduksie in die land van groot massas. En dan kom die Afrikaner so maklik tot die gevolgtrekking dat by so 'n massaproduksie diepgaande studie en wetenskaplike vorming afgeskep moet word. Enige persoon wat egter aan enige van die erkende inrigtings vir hoër onderwys in die V.S.A. studeer het, sal uit sure ondervinding genoeg kan aanhaal om hierdie bewering te loënstraf.

Weliswaar is daar mense wat met 'n Amerikaanse doktorsgraad loop en pryk wat hulle vir 'n paar pond inskrywingsgeld van die een of ander korrespondensiekollege in die V.S.A. ontvang het. Laat sulke persone maar probeer om op grond van sodanige graad toelating te verkry tot een van die erkende universiteite soos Columbia, Chicago, Michigan, Princeton, Harvard, Yale, ens.!

Die vereistes wat hierdie inrigtings stel, is geweldig hoog, en dis 'n onbetwisbare feit dat die Amerikaanse student baie harder werk as die Suid-Afrikaanse student. Vir sport bv. is daar die minimum tyd, as jy van jou studie 'n sukses wil maak.

Ook wat toelating van studente betref, word hoë eise gestel. Anders as in Suid-Afrika, waar studente op grond van die matrikulasie-eksamen toegang tot die universiteit verleen

word, vereis die Amerikaanse universiteit dat alle gematrikuleerde studente ook nog 'n spesiale toelatingseksamen moet aflê. 'n Betrekklike hoë persentasie van die applikante word jaarliks op hierdie wyse toelating geweier.

'n Nuweling wat in die toelatingseksamen geslaag het, word ingeskryf as student van die „Undergraduate School“ van die Universiteit, en na vier jaar harde arbeid, kan hy hom kom aanbied vir eksamen in die baccalaureus-graad. Daarna kan hy by die „Graduate School“ van die universiteit inskryf vir die magisters- en dan die doktorsgraad, of hy kan onder een van die „Professional Schools“ 'n graad verwerf in bv. regsgesleerdheid, opvoedkunde, musiek, biblioteekwese, ens.

Om 'n universiteit verklaar te word moet 'n inrigting o.m. die volgende afdelings hê: 'n „Undergraduate School“, 'n „Graduate School“ en minstens drie „Professional Schools.“ Behalwe die universiteite is daar 'n baie groot aantal kolleges, wat slegs na vierjarige studie 'n baccalaureus-graad mag toeken, en 'n aantal „Junior Colleges“, wat 'n tweejarige opleiding na matrikulاسie bied en geen grade uitreik nie.

Wat die buitelandse student aanvanklik dronkslaan, is die samestelling van leergange. Die leergang vir 'n graad word saamgestel uit 'n aantal kursusse wat almal oor een semester strek; sommige is verpligtend, ander nie. Elke kursus tel by voltooiing een, twee, drie of vier punte, of „credits.“ Behalwe ander regulasies wat die keuse van vakke bepaal, word vereis dat 'n student vir 'n bepaalde graad 'n vasgestelde minimum aantal „credits“ moet hê.

'n Besonder opvallende verskynsel by die Amerikaanse Universiteit is die feit dat daar byna geen sprake is van die sg. „vryheid van die student“ nie, waarop ons ons so graag beroep in Suid-Afrika, en wat sy ontstaan gevind het in die tyd toe hoofsaaklik volwassenes met bolle verantwoordelikhedsbesef hulle vir universitêre studie aangemeld het. Die dosente aan die Amerikaanse universiteite oefen 'n besonder streng en noukeu-

rige kontrole uit oor bywoning van kolleges, studie-prestasies, gedrag, ens. en studente wat dit enigsins laat slap lê, word subiet ontslaan.

Wat 'n mens as aangename herinnerings aan 'n studietyd in die V.S.A. bybly, is in die eerste plek die wonderlike studiefasiliteite wat die groter universiteite bied, en veral die besonder goed toegeruste en uitstekend georganiseerde biblioteke. Daar kom 'n mens werklik onder die indruk van die belangrike funksie van die biblioteek aan die universiteit. Dit is inderdaad die laboratorium vir studente in alle vakke.

Daar word radikaal gebreek met die onbevredigende teksboek- of aantekeningboek metode wat doodse napratery aankweek. Die hele studiemetode is daarop toegespits dat studente onder die deskundige leiding van dosente self moet werk en worstel om die kennis en wetenskap te bemagtig.

'n Mens sal ook nooit die simpatieke belangstelling kan vergeet van die dosente nie, wat, getrou aan hulle nasionale karaktertrek, besonder informeel met die studente omgaan. Dit is bv. opvallend dat professore en doktore in die reël gewoonweg as „meneer“ aangespreek word.

Die interessantste herinnering is egter dié aan die kontakte met die studentemassa in sy bonte verskeidenheid. Aan 'n georganiseerde studentelewe wat bykans alle studente insluit, is daar aan 'n universiteit soos Columbia in New York geen sprake nie. Elke groep is georganiseer volgens sy eie belange. 'n Groot persentasie van die studente woon in die stad, en slegs 'n gedeelte is gelukkig om in die losieshuise of „dormintories“ huisvesting te verkry. Die losies sluit egter nie etes in nie. Die enigste plek wat deur studente met gemeenskaplike doel in hulle groot massas besoek word, is die groot universiteitscafeterias. Wie sal die toustaan, die selfhelp, die lawaai van eetgerei, die gedreun van duisende stemme in 'n verskeidenheid tale uit kouende monde kan vergeet!

En dan is daar, vir 'n Suid-Afrikaner se waardevolle, ervaring om 'n jaar lank in dieselfde klas te sit met studente uit byna alle lande van die wêreld. Daar is die vriendskapsbande wat deur saamswoeg en saamworstel geknoop word met Shehata van Egipte, Nini van Burma, Sun van Sjiena.

H. C. VAN ROOY.

## AGTER DIE KATEDER

**Dr. Fourie:** “Jot down a few points.”

**Mnr. Venter:** „Dit is 'n brandend sobere gedig.”



**Prof. du Preez:** „Dames en here wat wil dit sê??”

**Prof. Hattingh:** „Dames en here as u deur die jaar werk sal u nie 'n senuweeinstorting of wat-ook-al kry as die akkerbome bot nie.”

**Prof. Lab.:** „Dis 'n puur menslike verskynsel.”

**Prof. Davies:** „The 2nd term is the hard-working term.”

**Prof. Dekker:** „En so gaat 't door.”

**Miss Martin:** “675 lines translation from Chaucer.”

**Dr. Kruger:** „Dames en here dis die bakermat van die beskawing!”

**Mnr. Postma:** „My liewe tyd mense—dis tog so erg eenvoudig!”

**Prof. de Klerk:** „Drie sulke dik bande 'n kostelike werk!”

### HOW THE MAD MAN ESCAPED.

He knocked his head against the wall, until his head was sore. He took this sore and cut the table in two halves; but two halves make a whole through which he then crept. When he was out of the building he cried himself hoarse. He jumped onto the hoarse and galloped away.

## WIE IS SLIM?

I. Drie Skotte (vrugteboere) besluit om van hul produkte op die plaaslike mark van die hand te sit. Die eerste Skot het 10 appels, die tweede het 30 en die derde 50 appels. Hulle kom toe ooreen dat die een nie meer geld as die ander mag maak nie, maar besluit ook dat hulle hul appels teen dieselfde prys sal verkoop. Hoe het hulle dit gedoen?

II. Ek het 'n klomp rooi kouse (nie Nylon nie!) en 'n klomp blou kouse in 'n donker kamer. Wat is die kleinste getal kouse wat ek daarvan moet neem om seker te maak dat ek 'n paar het?

III. 'n Boemelaar maak een sigaret van sewe stompies. Hoeveel sigarette kan hy van 49 stompies maak?

IV. 'n Sersant het 11 manskappe en tien perde, maar hy wil graag hê dat elke manskap op 'n perd moet ry. Hy maak toe die volgende plan: Hy laat die perde in 'n ry staan en plaas die eerste manskap op die eerste perd, die tweede manskap tussen die eerste en tweede perd en die vierde man op die derde perd. So hou hy aan totdat hy die tiende man op die negende perd gesit het. Dan gaan haal hy die elfde man tussen die eerste en die tweede perd uit en plaas hom op die tiende perd. Wat is verkeerd met sy plan?

V. 'n Arabier laat 17 kamele aan drie seuns na en bepaal op sy sterfbed dat die oudste seun  $\frac{1}{2}$  van die kamele moet kry, die tweede seun een-derde en die jongste een-sesde. Hoe het hulle die kamele verdeel?

(Antwoorde op Bls. 5, Kol. 2).

### LEES

## Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

—:0:—

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

## W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodighede,  
Draadlose, Koelkaste.

KERKSTRAAT 65,  
POTCHEFSTROOM.

### I. GLASER,

KING EDWARDSTRAAT 83.

Die beste vir  
OMEGA - HORLOSIES  
EN VERLOOFRINGE.

Diens en Waarde is ons Leuse.

Foon 218.

Bus 248.

Potchefstroom.

KOM NA

## POTCHEFSTROOM HANDELAARS

Die mees bekende Afrikaanse  
Handelaars.

Fone: 259 & 250.  
POTGIETERSTRAAT,  
POTCHEFSTROOM.

## IN DIE KALKLIG.

**Tiekie du Toit:**

„Sonder my meisie loop ek nie in die aand rond nie. (Dit spook hier op die P.U.K.)

**Konstabel van Niekerk:**

Hy waak oor sy medemens se belange. Veral die gekysdes.

**Steyn Erasmus:**

„Is jy honger?”

„Ja en jy?”

„Ja! ek het net 7 eiers vir ontbyt gehad.”

**Danie Erasmus:**

„Skryf iets skurf vir die redaksie . . . ek bedoel vir „Die Wapad.”

**Annatjie, P.:**

My ma het my drie henneges, en my pa het my 'n kers gegee. (Goeie begin Boep).

**Painter:**

Hy wil glo ook vanjaar voetbal speel, maar hy sal maar by die Tweede Span begin.

**Kobie d. P.:**

Don't come down that ladder Swanie.

**Swanie:**

(From top of building): Why not?

**Kobie:**

Because I've taken it away.

**A. Smit:** „More sinned against than sinned.”

Gedurende 'n spykerologiese eksperiment wat op die B-veld uitgevoer is, het eerstejaar Impey per ongeluk sy toon gespyker, as gevolg waarvan hy na die hospitaal verwyder moes word. Impey weier om nadere inligting i.s. die ongeluk te verskaf.

## Potchefstroom se Mees Moderne DAMES-KLEREWINKEL



Die jongste versameling van

Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps,”  
Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme,  
Naaiwerkbenodigdhede, ens

BY

**LA VOGUE**  
(J. M. Taylor)

Posbus 221.

Foon 440.



## THEOS. EN DIE EERSTE MANSHOKKIESPAN LY HULLE EERSTE NEERLAAG VIR 1950.

Saterdag het die Eerste Mans Hoksiespan hulle eerste nederlaag moes ontvang teen Normaal. Met die aanvang van die wedstryd is dit dadelik aanvoel dat dit sou uitloop op 'n hewige tweegeveg, want voorwaar, elke man het gespeel asof sy lewe daarvan afhang. Tot na half tyd was die beslissing nog nie finaal nie en kon die aanvallers maar nie deur die verdediging dring nie hoewel daar keer op keer tot 'n kragtige poging oorgegaan is. Met gladdes voorlynbewegings het die Noormaalspan in die eerste helfte van die wedstryd twee doele aangeteken. Die rustydjie het egter nuwe besieling vir die Pukke gebring en dit was nie baie lank na die aanvang van die tweede helfte dat Gert Fourie met 'n lieflike hou die plank laat klap het nie. Die Normaaliete was egter baie vasberade om die wedstryd in hulle guns te laat verloop en kort hierna weer 'n doel aangeteken en die telling was nou 3—1 in die guns van Normaal. Nou was die Pukke onkeerbaar en het weereens met 'n geweldige poging voor die dag gekom vanaf die linkerkant wat dan ook uitgeloopte het op 'n baie opportunistiese doel deur Hennie. Met hierdie telling, 3—2, het die wedstryd dan ook geëindig.

Wat die verdediging betref, moet hier melding gemaak word van Frans Buys. Hy het sy doel op 'n baie bekwaame wyse verdedig niesteaande die ongelukkige toestand waarin hy verkeer het deurdat hy 'n besering opgedoen het, en totaal onbewus was van wat om hom aangegaan het. Ons hartlike gelukwensing aan hom vir hierdie moedige vertoning en opoffering!

Die B-Span het met 'n besondere verrassende poging voor die dag gekom en afgesien van die feit dat twee van die gereelde spelers nie gespeel het nie, het hulle tog daarin geslaag om een doel teenoor die drie van Nor-

maal aan te teken. Hierdie spel is van beide kante in die B-liga afgespeel. Die verdediging was baie effektief en veral Chris Malan het die oog gevang. Moed hou B-Span oorwinnings bepaal nie altyd julle waarde nie, ons hou julle dop. . .

Die planne en voorbereidings vir die Inter-Universitêre toernooi te Durban vorder fluks en die volgende span is deur die keurkomitee aangewys om ons daar te verteenwoordig: Steve van der Merwe (Kapt.); Bart de Wet; Roelf Buys; Ferdi Bothma; Hennie de Wet; Piet van Wyk; Tiekie du Toit; Waal Meyer; Gert Fourie; Lenus de Klerk, en Haarhoff. Ds Loots gaan saam as bestuurder van die span en tesame met Mevr. Loots tree hulle op as reisouers. Graag wens ons namens

Die Studenteraad wil Mnr.  
Stoney Steenkamp en I.  
Styger van harte gelukwens  
met die onderskeiding om Wes-  
Transvaal op die voetbalveld  
te verteenwoordig.

al die Pukke hierdie span baie sterkte toe. Onthou net . . . daar heers baie belangstelling vir die jongste universiteit in ons land; moet nie gaan om te wen nie, maar om te handhaaf. Lekker speel en moet nie oproes by die see nie; Durban is nat in die winter.

Die volgende spelers is uitgenooi om deel te neem aan die proefwedstryde met die oog op die samestelling van 'n Potchefstroomse Span wat teen Klérksdorp gaan optree vir die finale samestelling van die Wes-Transvaalse Span:

Steve van der Merwe,  
Bart de Wet,  
Hennie de Wet,  
Frans Buys,  
Waal Meyer,  
en Oom Sakkie Joubert.

Ook aan die kêrels ons beste wense. Sorg dat julle almal die begeerde trui dra.

## DAMESSPORT

Die damessport maak nog steeds vordering, en in die verband het die **Korfbalklub** weer 'n stap gevorder. Die Wes-Transvaal Korfbal Sub-unie het naamlik in die verlede dit vasgestel dat lede van die P.U.K.-staf net unie skild-wedstryde mag speel en geen ander lokale bekerwedstryde nie. Dit het natuurlik altyd meegebring dat die spanne verswak moes optree. **Meester Botha** en die **Korfbalkapteine**, **Mej. H. Schepers** het egter só gespook dat hierdie reël nou só gewysig is dat 'n stafid mag speel. Dit is voorwaar 'n mylpaal wat behaal is en ons wil bogenoemde persone gelukwens daarmee. In 'n wedstryd teen **Munisipaliteit** het die eerste span 57—14 gewen.

Die hokkieklub is nou net vuur en vlam—veral die eerstespan met die vooruitsig vir die interuniversitêre toernooi na Durban gedurende die Julie-vakansie. As **Mej. F. de Wet** en **Mnr. S. van der Merwe** saamgesien word, weet almal dat daar net toer gepraat word. Die eerstespan het **Witrand 3—1** gewen, en ons wil die dames sterkte toewens vir die komende ligawedstryde.

Die 24ste deser was weer die jaarlikse jukskeitoernooi op Parys. Alhoewel die dames nie veel presteer het nie, het die 1B-span 'n agterkwart van 'n blesbok verower om hulle twee oorrinnings mee te vier. Die dames verseker ons dat afgesien van 'n aange-name gees die pannekoek en wors die dag uitstaandé gemaak het.

## THEOS. EN NAVY.

Saterdag, 27 Mei, het die Theos. voetbalspan hul eerste neerlaag moes ly, en dit teen Dorp. Die Pukke moes van die veld afdra met 'n telling van 3 punte teen 0.

Ongeveer 20 minute na die aanvang van die wedstryd het **Hennie Schutte** seergekry, en moes die voerspelers met 7 man klaarkom. Nogtans kon **Styger** die bal in die hande van die P.U.K.-agterlyn besorg. In die lynstane het Dorp egter botoon gevoer.

Na rustyd het **Kuhn**, Dorp se vleuel, na 'n agterlyn-beweging wat ook nie wat wonders was nie, oor die doellyn gegaan. Die vervyfskop het misluk. 'n Strafskop het die telling opgeskuiw na 3—0. Toe die eindfluitjie blaas was die puntestand onveranderd.

(Vervolg op Bls. 11, Kol. 3).



### Wapenskid van BETHLEHEM

Bethlehem is 'n vooruitstrewende dorp in die Oranje-Vrystaat en 'n belangrike spoorweg- en opvoedings-sentrum. Dit is ook die kommersiële sentrum vir die ryk en vrugbare Noord-Oostelike Vrystaat. Soos die wapenskid aandui, is dit die middelpunt van landboubedrywighede, tipies Suid-Afrikaans soos die naam Kommando-sigarette. Die uitstekende tabak wat vir hierdie sigarette gebruik word, was nog altyd die pronk-produk van die Suid-Afrikaanse tabakboer, en word deur deskundiges vermeng om in die smaak te val van Suid-Afrikaanse rokers.

# RONDE Kommando

In naam en  
tradisie, 'n eg  
Suid-Afrikaanse  
sigaret.

**KOOP  
SUID-AFRIKAANS—  
—KOOP KOMMANDO**

C 10-A



Ek het altyd bevind dat die sogenaamde slegte mense daarby wen as 'n mens hulle beter leer ken en dat die sogenaamde goeies daarby verloor.

Die pad van plig is naby en die mense soek dit in die verte. Die werk van plig is maklik en die mense soek dit in die moeilike.

## J.N.J. KRITZINGER

### FOTOGRAAF

ROYAL HOTEL-GEBOU,

Kerkstraat 84, Telefoon 455,

POTCHEFSTROOM.

### AS U 'N FOTO WIL SKENK,

Kyk dan eers na ons Foto's (in ons

Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

### GAMSU-SLAGTERY

(Eienaars: Randse Koelkamers).

Telefoon 76, Posbus 166.

Direkteure:

E. M. Wright,

K. de J. Hofmeyer.

I. J. D. Wentzel.

Kerkstraat 72,

POTCHEFSTROOM.

Ons verskaf die beste kwaliteit  
VLEIS, VIS, HAM en PLUIMVEE.

## LUCILLE

### DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die

Jongste.

Foon 62.

Kerkstraat 146,

POTCHEFSTROOM.

## LEKKER UITSTAPPIE DEUR A.S.B. GEREEL

Op 24 Mei het A.S.B. 'n uitstappie na die kaffergrutte naby Frederikstad gereël. Hoewel net 43 persone aan die uitstappie deelgeneem het, was dit 'n reuse sukses. Die klein getal deelnemers is te wyte aan die baie ander pick-nicks en funksies wat deur ander nie-studente organisasies gereël is op dieselfde dag.

Die oggend is 'n besoek aan die geskiedkundige grotte gebring. Die besoekers is toe die interessante geskiedenis verbonde aan hierdie grotte meegedeel. Die vredsamese stammetjies wat hulle hier in Wes-Transvaal gevestig het, het tot prooi van die Makatse en Matabeles geval. Om hulle teen die roofsgtige bendes te beskerm, het die Bahwenas in hierdie grotte gevlug en selfs hutte daarin gebou. Van hierdie hutte is tot vandag toe nog daar te sien. Slegs die mure van die hutte wat wissel tussen 3 en 5 voet is die oorblyfsels daarvan.

Die geselskap het die besoek baie interessant gevind. Na die besoek aan die grotte is by die oog vir die res van die dag uitgekamp waar die gesellige klompie hulle innerlik versterk het met heerlike gebraaide vleis en wors, en koffie. Verder is vir die skemeruurtjies musiek verskaf en teen 4 uur die middag is die toppunt van die dag bereik toe almal saam deelgeneem het aan die speletjies. Al singende het die groep die aand weer teruggekeer na Pukke-land!

FANIE BOTHMA.

Hy wat self die grootste laste het, is die beste geskik om ander se laste te dra.

### NA DIE LANGNAWEEK:

Monica kan nie op die rekstang bly of 'n korfbal raakvat nie.

Ena kan dood oor growwe boerehande.

Babs praat van jong onderwysers.

Annatjie P. is vol energie en uitgeslaags—sy het op die verkeerde plek naweek gehou.

### C. WESSELS TREE PLAASLIK OP.

Dit is werklik 'n lus om na die uitvoering van twee kunstenaars soos Cecilia Wessels en Ashley Hartley te luister, wat op 27 Mei ll. in die P.U.K. hoofgebou saal opgetree het.

Die kwaliteit en volume van Cecilia Wessels se dramatiese sopraanstem het weereens die luisteraars oortuig dat ons hier met 'n kunstenaar van internasionale kaliber te doen het. Met algehele beheer oor haar vol, klankryke stem, kon sy sowel 'n dramatiese aria soos „Dich, Teure Halle” uit Tannhäuser van Wagner, as 'n tere wiegiedjie soos dié van Brahms met die nodige nuanse vertolk.

Weereens het Ashley Hartley bewys gelewer van sy bekwaamheid as begeleier, dog ook as solis het hy hom onderskei. Ons dink hier veral aan die pragtige uitvoering van die fyn, delikate Sonata in C. maj. van Mozart, sowel as die stormagtige Polonaise in A mol van Chopin.

As die gehalte van die konsert in aanmerking geneem word, is dit te betreuer dat die saal nie tot oorlopende-toe volgepak was nie.

J. H. BOOYENS.

## HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION

Agents for

KAISER-FRAZER MOTOR CARS AND FEDERAL TRUCKS.

Automobile Repairs — Petrol, Oils, and Greases.

Re-boring, Welding, Battery Charging, Spares, Accessories.

Phone 229.

166, King Edward Street,

POTCHEFSTROOM.

(Vervolg van Bls. 4, Kol. 3).

nie; want alles is geoorloof, maar nie alles is nuttig nie, en laat ons nooit eerbaarheid van ons optrede wegneem nie, sodat ons handelinge tot stigting sal strek en nie tot belediginge en afbreking nie.

Dankie,

Die uwe,

„GROBBIES.”

(Die Studenteraad het die saak van die artikel genoem in bostaande brief, ondersoek en alles is geskik. Daar was bevind dat die artikel geplaas was sonder enige aanleiding van 'n werklike gebeurtenis en dat hoegenaamd geen dieper liggende motiewe daaragter skuil nie. Met dank neem die Redaksie kennis van die kritiek wat die artikel uitgelok het.

In opdrag van die Studenteraad.

P. J. W. LOUW,  
Hoofredakteur.)

Geagte Redakteur,

Ek het Hettie Lategan se brief in „Die Wapad” gelees, en ek is jammer om haar te moet teleurstel, maar ek voel toe nie so lekker daaroor as sy nie.

Dadelik wil ek konstateer dat ek gereedlik saamstem met sekere dinge wat sy sê. Omdat ek 'n man is, is ek altyd bereid om te erken as ek verkeerd is. Dat ons nie almal opstaan om vir die dames plek te maak om te sit by liedjies nie, is die waarheid. En, daarom, Mnr. die Redakteur, is ons jammer. Ons wil vertrou dat hierdie sakkie in die toekoms in die reine gebring sal word.

Wat die aanmerkings by die hokkie betref, voel ek dat Hettie Lategan effens te ver gegaan het. Laat ons vir argumentshalwe aanneem dat iemand wel die aanmerkings gemaak het. Daarvoor dan vra ons namens so'n persoon verskoning. Maar is dit nou logies om oor so'n saak te gaan vergalgemeen? Waarom nou so'n onaangename gebeurtenis wat heel waarskynlik uit onverantwoordelike eerder as uit onkuisheid ontstaan het, op al die P.U.K.-mans gaan betrek? As ons dan wil veroordeel laat ons dan tenminste regverdig wees.

En die skree by „Sing-Songs.” Nouja, eintlik is dit tradisie. Miskien moet ons nie in die helfte van 'n liedjie begin skree nie. Ja, dit is seker seker verkeerd want dit veroorsaak net on-

(Vervolg van Bls. 11, Kol. 1).

## UIT DIE P.U.K. ZOO

### Ou Wit Wollie, die ysbeer:

Hy het eintlik ge-„hitch-hike” uit die Noordpool na die Suidpool saam met die ooeivaar, maar die voël moes ongelukkig hier 'n noodlanding doen en toe ontstaan die ongeluk. Die ou ysbeertjie se hare is uit. Sy ma was 'n „teddybeer” en sy pa 'n „lionbeer.” By die pronkvoëlafdeling van die zoo:

Die nuwe Duitse nagtegaal „Heinrich Schlussnuss.” Hy is een van die weinige sangers wat die voorsorg maak om peppermint te suig as hy te laag sing. Vanaand se program is uitgestel omdat die ystervarkie, by name Galpilletjie, wat hom sou begelei nooit gedink het dat hy en sy viooltjie vanaand in die City Hall optree nie (met een gebreke snaar).

Die program sal egter vervang word deur een waarin die goëlkunstenaar Pappie Coetzee, hoof van die haseafdeling, homself uit 'n hoed sal probeer haal.

### PUKKE, BESOEK

### VERONICA-EETKAMER

vir

### HEERLIKE VIS EN ERTAPPELS!

\* \* \*

Eienaar: J. P. AUCAMP.

Lombardstraat 29B,  
POTCHEFSTROOM.

## GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.



FIETSE EN  
FIETSREPARASIES

## W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

MARCEL EN WATERGOLWING.  
PERMANENTE HAARGOLWING.

allernuutste waarby ingesluit die modieuse „Cold Perm.”

Helen Curtis Machineless Oil Perm,  
Jamal Machineless Cream Perm.

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Agente vir  
SIGARETTE, TABAK EN FANTASIEGOEDERE.

Tel. 330.

KERKSTRAAT 92,

POTCHEFSTROOM.

Vervolg van Bls. 11, Kol. 1).

gerief vir die dirigent. En per slot van sake gaan ons hom blameer as die sang met Intervarsities swak is. Maar sal die geagte skryfster ons nie 'n ou bietjie skree voor die tyd gun nie. Regtig dit is nie so barbaars nie en dit verwek nogal 'n aangename gevoel van kameraadskap; juis omdat ons samskree. Nou of die dames moet samskree. Nee, liewer nie. Ons wil graag trots wees op die vroulikheid van ons dames. As ons sing, maak ons staat op die volle ondersteuning van ons dames. Ons glo ook dat juis hulle ondersteuning ons aanmoedig om uit volle bors die liedjies van ons Alma Mater aan die wêreld te verkondig. Die samehorigheidsgevoel by ons „Sing-Songs“ is nie wat dit moet wees nie. As mens sal ons voortaan ons deel doen.

Dat ons krimp as ons moet dirigeer, is sommer 'n volle waarheid. Maar onthou dis nie elke man se werk om te dirigeer nie. 'n Dirigent is, wat dirigeer betref, 'n beter man as die gewone man. Of is dit miskien nie manlik om te erken as jy nie iets kan doen nie?

En die vraag aan die eerstejaar dames naamlik of hulle saam met 'n P.U.K.-man in die donker sal loop. Nou hoekom nie? Soos ek die verstaan lê die gevaar eintlik in die feit dat die P.U.K.-mans probeer om gevat te wees. Nou ek kan geen verband sien nie. Sou die donker nou bevorderlik vir die gevatheid wees? Of lê daar miskien 'n insinuasie in hierdie vraag wat ons nie van 'n Universiteitsdame verwag nie? As dit die geval is, wil ek nie eers daaroor redeneer nie. Maar laat ons verder gaan. Hier het die skryfster al weer veralgemeen. Al die P.U.K.-mans probeer beslis nie om gevat te wees nie. Die grootste persentasie is intelligent genoeg om te weet wat hulle nie gevat is nie. En as 'n man nou gevat is, waarom mag hy nie sy ontvangte talent gebruik nie?

Dan beweer die skryfster dat as 'n dame met 'n P.U.K.-man uitgaan, sy verwag word om aanhoudend te lag. Nouja, geagte skryfster, verskoon my as dit onhoflik klink, maar dis kaf. Daar mag op P.U.K., soos oral in die wêreld, sulke mans wees. Maar die deursnee P.U.K.-man maak slegs van sy manlike prerogatief gebruik naamlik die reg van soek. En as so'n man 'n dame uitneem, doen hy dit met 'n drieërlei doel. Eerstens omdat hy die

dame beter wil leer ken; tweedens omdat hy verlang na damesgeselskap, en derdens dat hulle albei die aand moet geniet. En as 'n P.U.K.-man dan miskien by wyse van uitsondering nou toevallig een is wat verwag dat 'n dame die hele aand moet lag, is dit die dame se prerogatief om die volgende keer vir daardie spesifieke man „nee“ te sê. Maar moet nou nie, omdat u miskien eenmaal in 'n sekere man teleurgesteld was, die hele mansgeslag aan die P.U.K. gaan veroordeel nie. Dit is 'n bietjie infantiel.

Die skryfster stel haar standpunt i.v.m. die geselskap van die P.U.K.-mans ook effens lomp. Ek wil graag miskien dat sy bedoel dat die mans slegs oor sport en kos kan gesels en nie oor ernstiger sake nie. En selfs dan moet sy ook nog nie veralgemeen nie. Sommige mans, ook hier op die P.U.K.—kan net daarvoor gesels. Maar, ek wil weer sê die deursnee P.U.K.-man kan vry ernstig gesels en is ook gretig om te leer. Onthou net ons word hier op Universiteit nog maar almal gevorm vir die lewe en gesels is 'n groot lewenskuns. Moet nie van ons verwag om 'n geselskap soos 'n Dale Carnegie te voer nie. Ons leer nog maar!

Maar net ten slotte, omdat die P.U.K.-man graag 'n „gentleman“ wil wees, wil ons tog aanneem dat Hettie Lategan nie soos 'n fanatiek te kere gaan nie. Ons glo, dat sy welwillende bedoelings het. Ons glo dat ons 'n slag die hand in die boesem moet steek en ons self moet ondersoek. Ons glo dat party van ons wel deeglik sondig in die opsigte wat sy genoem het. Ons glo m.a.w. dat haar brief in alle welwillendheid bedoel is as 'n wenk vir selfondersoek en daarvoor is ons haar dankbaar, want ons erken: „die mans op die P.U.K. is nie foutloos nie”—hulle is mense, nes die dames.

Baie dankie,

'N MAN.

## Die Kwaliteit tel altyd.

Probeer hierdie vir Ekonomiese en durende gemak.

\*\*\*

Sportbaadjies—Embassy.  
Sportbroeke—Alba.  
Sportskoene—Master 6.  
Nuttste Hoede—Battersby.  
Pakke Klere—Perfection.  
Reënjasse—Durburg.  
Pyjamas—Monatic.  
Hemde—Consulate.  
Onderklere—Meridian.  
Dasse—Tootal.  
Kouse—Wolsey.  
Kruisbande—Guyot.

\*\*\*

ALLES VERKRYGBAAR BY

## TOD SUTTIE'S

Die Mans Klerewinkel.

T. H. BOLTON (Edms) Bp.

BOU-AANNEMERS.

VIR ENIGE WERK IN  
WES-TRANSVAAL.

Adres: Kerkstraat 172, Tel. 718,  
POTCHEFSTROOM.

## VAN BLOMMESTEIN'S BOTTELSTOOR

NUWE GEBOUE

(Regoor Standard Bank)

King Edwardstraat,  
POTCHEFSTROOM.

Foon 72, Posbus 46,

Telegram: „JEDEIKEN.“

Onnodig om van die Kaap te bestel,  
'n ondersoek sal u oortuig!

KRY DIE BESTE !

## PUKKE

IS ALTYD HARTLIK WELKOM BY

## UNIEWINKELS

AS HULLE IN JOHANNESBURG IS.

ONS VOORSIEN REEDS:—

- P.U.K.-KLEURBAADJIES.
- P.U.K.-DASSE.
- P.U.K.-VOETBALTRUIE EN KOUSE.

## UNIEWINEKLS BPK.

Kerkstraat 45.

JOHANNESBURG.

Foon 22-4746.